

AFDELING 4
HEIDELBERG - BYLAES

BYLAE 1: STADSRADE EN BEWARING

'n Studie van die huidige stand van bewaring in Suid-Afrika lei onvermydelik tot die gevolgtrekking dat daar 'n gebrek aan koördinasie en kennisruiling bestaan - ten spyte van die dikwels deeglike en meestal ernstige pogings deur Plaaslike Besture en organisasies om die begrip te ondersoek en as deel van hulle pligte en verantwoordelikhede direk met beplanning te verweef.

Hierdie situasie gee aanleiding tot die onnodige duplisering van aanvoerwerk en die ongelukkige herhaling van dieselfde "foute". Veral wat Stadsrade betref, word gepoog om die bewaringswiel oor en oor uit te vind.

Alhoewel plaaslike omstandighede en realiteite verskil en ondervinding, beleid en strategie nie altyd van een plek na 'n ander oorgeplant kan word nie, kan stadsrade tog veel leer uit hierdie soms pynlike en langsame prosesse waardeur hulle eweknieë gegaan het.

Lektore en studente wat by die Heidelbergstudie betrokke is, het derhalwe gedurende 1987 'n studiereis deur die land onderneem om onder andere die ondervindings, pogings en beleide van veral stedelike Rade te ondersoek en te vergelyk.

Onderhoude is met die Stadsrade van Pietermaritzburg, Durban, Port Elizabeth, Mosselbaai, Kaapstad, Bloemfontein en Johannesburg gevoer.

Die benadering van hierdie Rade word hierna kortliks uiteengesit en kan moontlik as riglyn vir die Stadsraad van Heidelberg dien (1).

PIETERMARITZBURG

Die Stadsraad is sedert die laat sewentigerjare reeds diep betrokke by die identifisering, bewaring en ontginning van die kwaliteit van die Natalse hoofstad. As eerste stap is die RNG genader om riglyne vir doelgerigte en effektiewe betrokkenheid en optrede neer te lê.

In twee latere publikasies van die RNG is riglyne uitgestip wat deur die Stadsraad aanvaar is (2). Dit het gelei tot die stigting van 'n bewaringsafdeling binne die Stadsraad self. Hierdie afdeling bestaan uit 'n hoof, 'n argitek, 'n stadsbeplanner, 'n sosioloog, 'n stedelike ekonoom en assistente.

Vandag benader Die Stadsraad bewaring as 'n normale plig van die plaaslike owerheid. Hulle moet toesien dat die karakter van hulle dorp of stad bewaar bly en optrede nie slegs aan die Nasionale Owerheid oorlaat nie. Bewaring moet verder verkieslik deur handeling en samewerking van eienaar en Stadsraad geskied en nie alleen deur middel van wetgewing ondersoek word nie.

Die bewaringsafdeling, waarvan mnr Brian Bassett die hoof is, beskou bewaring as 'n omgewings- en gemeenskapsaangeleentheid. Die eienaar se aanvaarding van die lysting van sy eiendom is 'n diens wat hy aan die gemeenskap lewer en daarom is die Raad bereid om om sekere toegewings aan hom te maak deur:

1. belastingkorting, byvoorbeeld 40% afslag op grondbelasting op gelyste eiendom;
2. massa-oordrag na 'n ander terrein te oorweeg;
3. materiaal goedkoop of selfs verniet uit die materialebank te voorsien;
4. ontwerphulp te verleen en
5. in die toekoms hopelik direkte hulp uit 'n

bewaringstrust aan te bied.

Klousules wat voorsiening vir die beskerming van plekke maak kan, met die goedkeuring van die Administrateur, in die stadsbeplanningskema ingesluit word. Hierdie klousules beskerm slegs gelyste geboue. Na voltooiing van die lysing, wat 'n aaneenlopende proses is, word amendamente tot die stadsbeplanningskema gemaak. Die Stadsraad stel 'n lys van bewaringswaardige plekke op (verkieslik met, maar dit kan ook sonder die goedkeuring van die eienaar geskied) en hierdie lys kan na deeglike ondersoek deur die Raad goedgekeur word. Hierna is die geboue wetlik beskerm.

Bewaring van die Sentrale Sakegebied

Die Sentrale Sakegebied is as bewaringswaardig identifiseer en die Raad is bereid om geld beskikbaar te stel vir die opgradering van geboue, pleine en arkades.

'n Argiteksfirma is aangestel om voorstelle vir die herontwikkeling van die gebied te maak. Hierdie voorstelle is deur 'n komitee analiseer (koste, tydperk vir implimentering, betaalbaarheid en uitvoerbaarheid) nadat hulle met die Central Business District Association, handelaars in die affekteerde gebied en enige ander belanghebbendes geskakel het.

Hierna is die konsepplan as 'n wettige dokument aanvaar. Dit poog om ontwikkelaars te oorreed om bewaring van plekke met nuwe ontwikkeling in gedagte te hou. Voordat planne goedgekeur word, word daar met ontwikkelaars onderhandel sodat die riglyne ten opsigte van veral konteks en skaal nagekom word.

Indien onaanvaarbare geboue in belangrike gebiede voorkom, kan die Raad poog om:

1. die gebou te laat verander om in die konteks te pas;

2. die gebou onteien;
3. dit verkoop teen 'n wins;
4. die geld in 'n fonds stort;
5. die geld uit die fonds gebruik vir die opgradering van ander plekke.

Hierdie tydige en doelgerigte optrede van die Stadsraad - waardeur nie langer van bewaring weggeskram word nie, maar die konsep as onmisbare deel van toekomsbeplanning vierkantig in die oë gekyk word - het tot gevolg dat Pietermaritzburg vandag 'n voorloper op die gebied van bewaring in Suid-Afrika is.

In 1986 is 'n indrukwekkende eerste bundel van geboue in die stad publiseer en hierdie opname duur voort. Die belang van die taak en die publikasie van inligting word as volg deur die stadsingenieur beskryf en stel moontlik die doelgerigte siening van die Stadsraad die duidelikste (3):

"The decision to publish a catalogue of the buildings of Pietermaritzburg was not an easy one, as the cost of preparation and publication was considerable. Once the national and international significance of the City's townscape had been recognised, however, it was realised that reliable information on the City's building stock was required before the decisions concerning future development could be taken. It was also recognised that the unique character of the City could be a considerable asset in the future and could be developed to attract tourists in large numbers. To destroy such an asset would be short sighted and it thus became necessary to identify the main sources of the City's character in order that incentives

could be investigated for their conservation and development for tourist use."

DURBAN

Soos in die geval van Pietermaritzburg het die Durbanse Korporasie (Stadsraad) 'n begin met bewaring gemaak deur 'n poging aan te wend om die bewaringswaardige kwaliteit van die stad te identifiseer. 'n Argitek/historikus is aangestel om dié taak deur te voer en in 1972 reeds is die eerste verslag ter tafel gelê.

In 1982 is die opdrag uitgebrei en in 1984 het 'n verdere en bygewerkte verslag in netjiese boekvorm verskyn (4). In hierdie publikasie is plekke van belang omskryf en volgens vasgelegde kriteria evalueer.

Twee hoofmikpunte asook strategieë om hierdie mikpunte te bereik is deur die Korporasie gestel (5):

"Objective 1: Legal protection to prevent alteration or demolition or any other development that would detrimentally affect the Important Places or Building.

1.1 Identification

Define important Places and Buildings and list all items of historical, cultural and architectural value. Such a list could be incorporated in the Town Planning Regulations in the form of an Appendix. Any addition or deletion from this list would then entail an amendment to the Regulations. In order to ensure that all Important

Places and Buildings are readily identifiable a suitable identification such as an asterisk can be superimposed on the Town Planning Scheme Map.

1.2 Prevent demolition

Make unauthorised demolition an offence in terms of the Town Planning Ordinance.

1.3 Ensure plans/re-requests for all development including alterations and maintenance to be submitted for the prior approval of the City Engineer.

Make it an offence to undertake any work whatsoever which will affect any historical, cultural or architectural item of the property, as previously identified, without obtaining the prior approval of the City Engineer. All such property owners should be advised accordingly together with submission requirements for any type of building or maintenance work that they may wish to undertake.

1.4 Control development on the neighbouring property

Control already exists under the National Building Regulations: S.7(1)(ccc) Development; S.10(1)(iv) Construction and to a limited extent under clause 27 of the Town Planning Regulations. Thus no

amendments to Town Planning regulations are proposed.

Objective 2. Relaxation of Town Planning Control

- | | |
|---|--|
| 2.1 Provide Council with discretion to relax any Town Planning regulation | Include an "overriding" clause that provides Council with powers where deemed necessary and desirable to relax any existing provision of the Town Planning Scheme. |
| 2.2 All relaxations must be soundly based and be fully motivated | This can be incorporated in the regulations as a proviso that would determine when Council should exercise its discretion and relax a certain control. The onus should be placed on the applicant to motivate such relaxation. |
| 2.3 Neighbourhood amenity must be protected | This can best be achieved via the Special Consent procedure which provides the public with an opportunity to comment or, where only an adjoining property could be affected, by means of a letter of consent." |

Wanneer aansoek gedoen word om 'n gebou te sloop of te verander, sal die Stadsraad nagaan of die gebou op die lys verskyn, en indien wel, sal hulle:

1. die aansoeker probeer oortuig om die gebou te bewaar;

2. die aansoeker verdraag indien die versoek ignoreer word;
3. alternatiewe voorstelle vir die behoud en ontwerp maak;
4. aansporingsmaatreëls voorstel.

Nadat die lysing voltooi en die beleid gestel is, is negehoonderd geboue wat as bewaringswaardig beskou is, uitgekies. Aan die eenaars van hierdie geboue is 'n brosjure (6) gestuur waarin die bewaringsidee uiteengesit is. Die eenaars se kommentaar word gevra, en die reaksie was dat:

- 1) 14% van die einaars geantwoord het en
- 2) oor die algemeen baie positief was maar dat veral drie faktore die gladde gang vir implimentering inhibeer.
 - i) hoë koste van restourasie;
 - ii) onkunde van die publiek ten opsigtre van restourasie en bewaring;
 - iii) onekonomiese beperkings op ontwikkelaars.

Die brosjure was in leketaal gestel en min is gesê oor die regulasies wat kan volg. Voor enige regulasies as Bywet aanvaar word, moet dit in die koerant adverteer word, en die Stadsraad verwag meer negatiewe reaksie wanneer die voor- en nadele uiteengesit word. Die voorgestelde regulasies sal aangepas word om voorsiening vir klagtes te maak, voordat dit deur die Stadsraad aanvaar word.

Die regulasies sal so opgestel word dat mense aangespoor word om te bewaar, en nie om te sloop of ondeurdag veranderings aan te bring nie. Hulle sal onder andere aangemoedig word deur:

- 1) korting op grondbelasting;
- 2) massa verskuiwing;
- 3) 'n "massa"-bank.

PORT ELIZABETH

Die Munisipaliteit het 'n ad hoc-benadering ten opsigte van bewaring. Met die indiening van planne word slegs gekyk of die styl en karakter van die omgewing nie benadeel gaan word nie. Die planne kan nie weens die ontwerper se benadering tot die konteks afgekeur word nie, hoewel aanbevelings in sommige gevalle gemaak word om planne te verander om die karakter van die omgewing te komplementeer.

Die lystingsdokument van Port Elizabeth word nie as 'n regsdocument gesien nie, alhoewel aandag aan gelyste geboue geskenk word met die indiening van planne.

Wanneer aansoek gedoen word vir die sloping van 'n gelyste gebou, sal die Stadsingenieur voorstelle ten opsigte van kompensasie of tegemoetkoming aan die eienaar maak. Indien geen bevredigende reaksie hierop gekry word nie, kan dit na die Stadsraad verwys word wat die aansoek kan weier. Politieke en ekonomiese druk is faktore wat deeglik in ag gehou (moet) word.

Die munisipaliteit is tans besig met die vasstelling van 'n bewaringsgebied - Wes van die bestaande sentrale besigheidsgebied. Beginsels vir die bewaring en ontwikkeling van die gebied sal neergelê en aan die publiek vir kritiek en kommentaar voorgelê word. Die Oos-Kaapse Instituut van Argitekte en die Argitektuurdepartement van UPE is ook by die opstel van hierdie plan betrokke. Na al die besware oorweeg is, sal die plan deur die Stadsraad aanvaar en as ordinansie uitgereik word.

Wanneer planne wat geboue of terreine in die bewaringsgebied raak, ingedien word, sal dit deur die Sensitiewe Areas Komitee evalueer word wat dit sal kan afkeur indien afbreuk aan die verlangde kwaliteit gedoen word. Geen van die gelyste geboue binne die bewaringsgebied sal gesloop mag word nie.

Die publiek is nie baie goed ten opsigte van bewaring ingelig nie. Om hierdie rede is 'n promosieplakkaat ontwerp en versprei. Hierdie plakkaat bring bewaring onder die publiek se aandag en die publiek word gevra om sensitief te wees met die veranderings van en aan gelyste geboue. Daar word ook voorstelle gemaak van hoe geboue verander kan word, sonder om hulle argitektoniese en kontekstuele aanvaarbaarheid te vernietig. In 'n publikasie van UPE (7) word die proses van restourasie volledig en eenvoudig uiteengesit.

MOSSELBAAI

Die Stadsraad van Mosselbaai het soos o.a. die Rade van Worcester en Swellendam die RNG genader om 'n opname van plekke van argitektoniese, historiese en kontekstuele belang in die dorp te maak. Die lys is in 1985 voltooi (8).

'n Estetiese komitee wat uit 'n argitek, die Stadsklerk en Stadsingenieur, 'n Bourekenaar en Raadslede bestaan, is saamgestel. Hierdie komitee ondersoek enige voorgestelde veranderinge en aanbouings aan gelyste plekke en kan voorstelle maak om veranderinge binne die bestaande en verlangde konteks te hou.

Bewaringswaardige plekke sal in die struktuurplan ingesluit word en daar sal slegs met die hoogste uitsondering toestemming tot slooping van gelyste geboue gegee word. Daar word gekyk na die bepaling van

bewaringsgebiede en een is reeds in die omgewing van die Posboom identifiseer.

'n Inligtingsveldtog, om die publiek op hoogte van die belang van bewaring te bring, word beplan en daar word gehoop om 'n fonds in die lewe te roep waaruit geld vir restourasie en opknapping van plekke beskikbaar gestel kan word.

KAAPSTAD

Net soos Pietermaritzburg het die Stadsraad van Kaapstad na vele jare tot die besef gekom dat bewaring slegs sinvol aangepak kan word indien dit op goeie navorsing, 'n oorhoofse beleid en doelgerigte optrede baseer is.

'n Bewaringseenheid wat in die Stadsbeplanningsafdeling gehuisves is en uit argitekte, historici en navorsings-assistente bestaan, is derhalwe gestig omdat die Raad van mening is dat hierdie eenheid slegs op formele wyse enige betekenisvolle impak op die omgewing kan hê.

Omdat toerisme 'n belangrike inkomste vir die Stad genereer word bewaringsklem op beide die natuurlike omgewing as die erfenis van historiese geboue gelê.

Die Raad is deeglik bewus van die feit dat nie almal altyd gelukkig met die beleid is nie en sommige gekompenseer moet word indien geldelike verliese ter sprake kom. (In watter stadium is verliese gelei en hoe kan hierdie verliese bewys word?) Nog 'n probleem wat met bewaring ondervind word, is die feit dat Stadsraadlede polities verkies is, en dat hierdie lede die kommersiële sektor en die publiek tevrede moet hou. Dit lei soms tot botsing van ideaal en pragmatiese praktyk.

Weens stedelike politieke redes en die spesialistekennis waarvoor argitekte beskik, wou die Stadsraad oorspronklik

dat die Instituut van Argitekthe die leiding moet neem met die lysing van bewaringswaardige geboue. Hierdie eerste lysingsproses het groot belangstelling gewek en 'n tweede en derde fase het gevolg (9).

Die uitgebreide lysingsproses (tans in die finale stadium) is aangepak deur ses argiteksfirmas wat as konsultante aangestel is en dele van die groter stad na aanleiding van vaste kriteria ondersoek het. In hulle verslae word sekere geboue of areas weens hulle bewaringswaardigheid na die Stadsraad verwys. Die Stadsraad kan nou die gebied as 'n bewaringsarea verklaar, maar hulle is versigtig om nie die regte van die eienaars te ontnem nie. Die bewaringseenheid het 'n deeglike werkprogram opgestel waarvolgens hulle die bewaring aanpak. Sodoende geniet areas wat in die lysingsproses as belangrik identifiseer is, skerp aandag en word navorsing daarop toegespits. Die Stadsraad het die reg om slopingspermitte te weier indien hulle voel dat dit teenstrydig met die bewaringsbeleid is. Hierdeur kan tyd gewen word om die navorsing van die gebou of gebied te voltooi.

Volgens die huidige Stadsbeplanningskema kan die sonering van 'n area of 'n terrein verander word. In so 'n geval moet die bedoeling in die koerant geadverteer word en moet daar vir kommentaar gewag word. Indien probleme ontstaan, word voorstelle aan VEESA (Vereniging van Eiendomseienaars van Suid-Afrika) in terme van kompensasië of vermindering van belasting gemaak en aan die eienaars oorgedra. Sou hulle gelukkig wees, gaan die voorstel na die Administrateur waarna dit Wet word.

'n Nuwe ordinansië in verband met sonering is in 1985 deur die Administrateur aanvaar. Hierin word gestel dat alle sonering en hersonering tot die jaar 2001 sal voortgaan. Hierna mag die eiendom slegs aangewend word vir waarvoor dit in daardie stadium gebruik word en verandering van gebruik moet deur 'n aansoek vir

hersonering voorafgegaan word. Om hierdie rede is, aanwending volgens bestaande sonering tot en met daardie jaar baie belangrik.

BLOEMFONTEIN

Die Stadsraad beskou hulleself as 'n oorhoofse bewaringskomitee, wat al die verskillende bewaringsinstansies in Bloemfontein koördineer en beheer. Hulle vergader gereeld en vergaderings word bygewoon deur verteenwoordigers van o.a.

- 1) die RNG;
- 2) die Stigting Simon van der Stel;
- 3) die Instituut van Argitekthe;e;
- 4) die O.V.S. - Museumdienste en die
- 5) Departement Argitektuur, UOVS

Stadsraadslede neem die inisiatief in die bewaring van Bloemfontein. Die betrokkenheid van die Burgemeester en die onder-Burgemeester help dat besluite in verband met bewaring vinnig na die finale stadium deurgevoer word.

Die komitee mag nie self uitgesoekte gebiede as bewaringswaardige gebiede verklaar nie, maar die moontlikheid om hierdie magte te verkry, word tans ondersoek.

Die Stadsraad het ook 'n staproetekaart vir die Stad geborg om die publiek en die besoekers meer bewus van die omgewing te maak. Die roetekaart is deur die bewaringskomitee saamgestel en is vrylik aan die publiek en besoekers beskikbaar.

Uit die bewaringskomitee se vergaderings het gevolg dat die hele President Brandstraat tot bewaringsgebied geproklameer is. Dit het gevolg na aanbevelings van die

komitee wat deur die Stadsraad en die RNG aanvaar is. Die proklamering van die gebied stel sekere beperkings:

- 1) Veranderings aan geboue mag slegs met die RNG se toestemming gedoen word.
- 2) Leë erwe mag slegs na die goedkeuring van die RNG ontwikkel word.

'n Voordeel in die geval van President Brandstraat was dat die meeste geboue deur die Staat besit en beset word. Die doel met die straat is nie om al die geboue in museums te omskep nie, maar om hulle steeds te gebruik sonder om die geboue of die straatbeeld te skaad.

Die werk van die komitee, onder toesig van 'n simpatieke Stadsraad gaan voort.

JOHANNESBURG

Die Stadsraad het in die afgelope paar jaar 'n klein bewaringsafdeling binne die Stadsbeplanningsafdeling gestig. Hierdie afdeling het 'n personeel van twee lede, een waarvan 'n argitek.

Die Stadsraad tree as algemene koördineerder op en die bewaringsafdeling werk in noue skakeling met die:

- 1) Stigting Simon van der Stel;
- 2) Raad van Nationale Gedenkwaardighede;
- 3) Erfeniskomitee van die I.S.A.A. en die
- 4) "Historic Foundation".

Die bewaringsafdeling werk tans aan 'n bewaringsbeleid, maar hierdie beleid sal eers in die nabye toekoms uitgespel word. Daar is wel kommer uitgespreek dat, wanneer hierdie beleid uiteindelik formuleer word, daar reeds van die belangrikste geboue gesloop sal wees. Die

voordeel van die nuwe wet in verband met die sloping van geboue, is in hierdie geval verwelkom (10).

Daar is ook 'n lys opgestel van nagenoeg 400 geboue wat bewaar behoort te word, maar daar is nie van 'n stelselmatige lystingsproses gebruik gemaak om hierdie geboue te identifiseer nie. Nasionale Monumente en geboue wat die Johannesburg 100 komitee geïdentifiseer het, is ook in hierdie lys ingesluit (11).

OPSOMMEND

Die meeste groter Stadsrade is vandag bewus van die deur-slaggewende rol wat hulle in die bewaring van die kwaliteit van hulle stede kan en moet speel.

Hulle sou veel van mekaar kon leer deur ondervinding - bereikings en terugslae - uit te ruil, maar tot dusver gebeur dit ongelukkig nie op 'n formele basis nie.

Sommige Stadsrade, veral die van Pietermaritzburg en Kaapstad, het tot die besef gekom dat dit die taak van die Rade self is om bewaring te koördineer, te beplan en deur te voer. Gevolglik het hulle bewaringsafdelings binne die Stadsingenieursdepartemente gestig. Die optrede van hierdie Stadsrade is modelle wat ernstige bestudering werd is.

Hulle is ook van mening dat bewaringsoptrede slegs kan volg op deeglike studie. Eers moet die bewaringswaardige kwaliteit bepaal word, hierna moet 'n beleid formuleer word en strategieë gestel word om die beleid deur te voer. Aanprysenswaardig in die genoemde gevalle, maar ook in die geval van Durban, is die onverskrokke betragting van ALLE probleme, en veral die finansiële. Wanneer bewaring as 'n normale diens van die Raad aanvaar is, moet en sal die geld vir implementering gevind word.

Stadsrade soos die van Port Elizabeth en Bloemfontein het nog nie hierdie stadium van aanvaarde berokkenheid bereik nie, maar binne die beperkings van finansiële en wetlike werklikhede het hulle reeds ver in hierdie rigting gevorder.

leiner munisipaliteite soos die van Worcester, Swellendam en Mosselbaai het reeds die eerste en noodsaaklike stap geneem deur kundiges aan te stel om die belangrike en bewaringswaardige kwaliteit van hulle dorpe te identifiseer en te lys.

In al hierdie gevalle is en word dit belangrik geag om die betrokkenheid van die sakegroep en die algemene publiek te verseker. Dit is hulle wat direk geraak word deur bewaringsbesluite en wat derhalwe saam met Rade na oplossings vir probleme moet soek.

Ondervinding bewys dat 'n ingeligte en entoesiastiese gemeenskap soms met kreatiewe voorstelle vorendag kom en dikwels bewaring bevorder sonder om dit nodig te vind om by die Stadstesourier om finansiële hulp aan te klop.

VERWYSINGS

1. MOOLMAN, D P. 1987. 'n Studie van Stadsrade se houding ten opsigte van bewaring. Studieverlag. Pretoria: Departement Argitektuur UP. 100 p.
2. BASSET, B. 1982. Cataloguing and conservation in Pietermaritzburg. Cape Town: NMC. 24 p.
- BASSET, B. 1985. Conservation and development in Pietermaritzburg. Pietermaritzburg: NMC. 46 p.
3. PIETERMARITZBURG City Council. 1986. The buildings of Pietermaritzburg. Pietermaritzburg: 1163 p. Kyk pii.

4. KEARNEY, B. 1984. A revised listing of the important places and buildings in Durban. Durban: Durban Corporation. 192 p.
 5. DURBAN Corporation. 1987. Report for steering committee re important places and buildings in Durban. Durban: Report by City Engineer's Department, 27 January. 4 p.
 6. DURBAN Corporation. s.a. A future for Durban's past. Durban: City Engineer. 4 p.
 7. THERON, D. s.a. 19th Century Port Elizabeth a guide to restoration. Port Elizabeth: Department of Architecture UPE. 40 p.
 8. NATIONAL Monuments Council. 1985. An annotated survey of buildings of architectural, historical and contextual value in Mossel Bay. Cape Town.
 9. CAPE Provincial Institute of Architects. 1978. The buildings of central Cape Town. Cape Town: 2 vol.
 10. Die gewysigde Wetsontwerp, no 11 van 1986, verbied die onbeplande sloping van geboue ouer as vyftig jaar.
 11. 'n Verhandeling van Dr. G-M van der Waal (toe) van die Randse Afrikaanse Universiteit word gebruik met die opstel van lyste. Dit is sover die enigste poging wat nog in hierdie rigting aangewend is. Die Stadsraad het geld bewillig vir die studie en publisering van die verhandeling.
- VAN DER WAAL, G-M. 1975. Projek: Opname van historiese geboue in Johannesburg. Johannesburg: Departement Kunsgeskiedenis RAU, verskeie volumes.

HEIDELBERG: OPNAME VAN HISTORIESE PLEKKE VIR DIE STADSRAAD
 VAN HEIDELBERG SEPTEMBER 1987

BLOKNOMMER
 1

1. OPNEMER: PIET KOEKEMOER

2. FOTO'S EN FOTONOMMERS:

6

IDENTIFISERENDE INLIGTING

3. ERFNOMMER: 2/24
 4. NAAM VAN PLEK: —
 5. STRAATNAAM: PRETORIUS STRAATNOMMER: 9
 6. HUIDIGE GEBRUIK: WOONHUIS
 7. EIENAAR: GERT P. LE ROUX

8. OPRIGTINGSDATUM: 1909
 9. ARGITEK: —
 10. BESKRYWING: ENKELVERDIEPING ROOI BAKSTEEN
 HUIS MET VERANDA EN EENVOUDIGE
 GEWEL. RONDE VENTILATOR IN GEWEL.
 OORSPRONKLIKE HOUTVOORDEUR MET SY-
 EN BOLIGTE. GEGOLFDE PLAATMETAALDAK.
 DORIESE KOLOMME MET BAKSTEEN
 BALUSTRADEMUUR (VERANDA) BAIE OU
 BAKSTEEN TUINMUUR.
 11. UITSTAANDE ARGITEKTONIESE KENMERKE:
 GOEIE BAKSTEENDETAILWERK.
 VERANDA TIPIES VAN TYDPERK.

12. TOESTAND:	GOED	REDELIK	SWAK
belangrike defekte:			
TUINMUUR BESIG OM TE VERBROKKEL.			
13. HISTORIESE ASSOSIASIE:			